Knapsak 32

Geagte Rapportryers en vriende,

Hierdie Knapsak word uitsluitlik gewy aan:

LANDSBERAAD 2020

Ons vier die 70ste bestaansjaar van die Rappportryerbeweging wat gestig is op 3 Maart 1950!

DATUM: 13 tot 15 Maart 2020

PLEK: Jukskeipark, Kroonstad

TEMA:

Ons Kultuur vandag binne die Sosiale en Ekonomiese omstandighede in Suid-Afrika

ORGANISEERDER

Die organisering van Landsberaad 2020 rus hierdie keer op die skouers van Rapportryerraadslid Pieter van der Merwe (Provinsiale voorsitter Vrystaat/Noord-Kaap) **(083 285 2524 vdmerwe52@gmail.com** (mailto:vdmerwe52@gmail.com) **)** in samewerking met die RRB-Dagbestuur.

PROGRAM

Die Landsberaad en Gala-aand gaan op Saterdag, 14 Maart 2020, plaasvind en begin om 8:00. Beraadgangers moet egter hulle sake reël om reeds Vrydag aan te kom om informeel te verkeer en die vleisbraai die aand saam te geniet. Sodoende behoort ons almal reg ingestel te wees vir die volgende dag se verrigtinge.

- Die Rapportryerraad vergader Vrydagmiddag.

Die volgende verskyn op die Landsberaad se sakelys:

1. Nasionale Bybelvasvra.
2. Samewerking met die Erfenisstigting en die Voortrekkermonument.
3. Samewerking met die FAK.
4. Finansies
5. Struwig Bosveldplaas.
6. Presidentsrede
7. Mosies, Beskrywingspunte en voorgestelde grondwetwysigings.
8. Bespreking en besluitneming ivm die Landsberaadtema.

VERBLYF

Drie-slaapkamer chalets is gereserveer sodat afgevaardigdes lekker naby mekaar kan wees. Dit is toegerus met eetgerei, kombuisware en beddegoed **(uitgesluit handdoeke)**.

- Rapportryerraadslede, eregaste en gades se verblyf is reeds bespreek.
- Ander beraadgangers is self verantwoordelik om verblyf te bespreek.

Rapportryer Sarel Griesel (082 335 7571 dagsarel@gmail.com (mailto:dagsarel@gmail.com) **) hanteer alle aspekte van verblyf en besprekings moet direk by hom gedoen word.**

Verblyfkostes moet op die RRB se tjekrekening (ABSA 632-005, Tjekrekening 284-032-0092) inbetaal word met duidelike vermelding: VERBLYF EN KORPSNAAM.

UITSTAPPIES

Daar word hard gewerk aan interessante uitstappies/aktiwiteite vir die dames. Die volgende moontlikhede word ondersoek:

- Besoek aan die Kroonstadse Korrektiewe Dienste se damesafdeling met spesifieke fokus op die daaglikse lewe van dames in die gevangenis, rehabilitasie van gevangenes en suksesstories. Moontlik ook kennismaking met die befaamde Gevangenisdiens Orkes!
- Besoek aan die konsentrasiekampkerkhof wat mooi in stand gehou word deur die Voortrekkers.
- Skeppende handwerk-oefening op terrein sodat elkeen ’n geskenkie “van my aan my” kan huis toe neem.
- Besoek aan Parys. Parys is bekend vir sy ryke verskeidenheid winkels en snuffelhoekies – ’n ware paradys vir kreatiewe geeste!

Hierdie is slegs ’n lusmaker en meer besonderhede sal met ’n volgende Knapsak bekend gemaak word.

REISREËLINGS

Beraadgangers wat verkies om te vlieg word aanbeveel om liefs OR Tambo as bestemming te gebruik. Die organiseerders sal poog om reisreëlings van en na die lughawe te tref om kostes te beperk.

Dui dit asseblief aan op die inskrywingsvorm en skakel gerus met

Rapportryer Pieter van der Merwe (083 285 2524 vdmerwep52@gmail.com (mailto:vdmerwep52@gmail.com) **).**

KOSTES

- Beraadfooi **R250** vir afgevaardigdes/waarnemers en **R400** vir gades. Dit sluit alle etes in.
- Afgevaardigdes/waarnemers (of hul korpse) is self verantwoordelik vir reiskoste en die koste van huisvesting.
- Verblyfkoste beloop **R250** per persoon vir twee nagte en is vooruit betaalbaar.
- Die RRB dra die kostes van Rapportryerraadslede en eregaste.
- Die koste vir uitstappies is nominaal en kan ter plaatse betaal word. Die moontlike uitstappie na Parys kan bietjie meer beloop.

INSKRYWINGS

Die inskrywingsvorm vir afgevaardigdes/waarnemers word hierby aangeheg. Almal moet dit asseblief voltooi en instuur **(ook Rapportryerraadslede!).**

Let asseblief op die bepalings van die Grondwet wat betref die bywoning van die Landsberaad:

Die Landsberaad

9.1.1. Die Landsberaad is die hoogste besluitnemende gesag.

9.1.2. Enige lid mag die Landsberaad bywoon as waarnemer.

9.1.3. Lede van die Rapportryerraad het spreek- en stemreg. Elke lid het slegs een stem.

9.1.4. Korpse vaardig twee lede af met volle stemreg per ledetal van tien lede of minder met ’n verdere afgevaardigde vir elke volgende tien opbetaalde lede.

Artikel 9.1.4. beteken dus dat korpse soos volg verteenwoordig kan word deur **opbetaalde** afgevaardigdes **(dus ledegeld betaald tot en met 2020):**

- 19 of minder **opbetaalde lede** - 2 afgevaardigdes
- 20 tot 29 **opbetaalde lede** - 3 afgevaardigdes
- 30 tot 39 **opbetaalde lede** - 4 afgevaardigdes
- 40 tot 49 **opbetaalde lede** - 5 afgevaardigdes
- 50 tot 59 **opbetaalde lede** - 6 afgevaardigdes

- Ensovoort

Daar is geen beperking op die aantal waarnemers nie en tradisioneel word ook geen stremmende beperkings op waarnemers geplaas nie.

Hoofkantoorlede is nie aan ’n bepaalde korps verbonde nie, maar is eweneens welkom om by te woon en geniet volle stemreg.

Voltooide inskrywingsvorms moet voor 25 Januarie 2020 ingedien word by die twee bestemmings wat daarop aangedui is en die betaling van die toepaslike fooie moet terselfdertyd gedoen word op die aangeduide bankrekening van die RRB met duidelike aanduiding in die oorbetaling op watter korps dit van toepassing is.

MOSIES, BESKRYWINGSPUNTE EN GRONDWETWYSIGINGS

Korpse en Hoofkantoorlede wat graag krag wil verleen aan hul ideale vir daadwerklike optrede deur die RRB, moet vroegtydig begin dink en formuleer aan besluite wat hulle graag deur die Landsberaad bekragtig wil hê.

Konsentreer veral op sake wat verband hou met die tema en punte op die sakelys van die Landsberaad. Onpraktiese besluite is in die verlede deur die Landsberaad geneem wat dit vir die Rapportryerraad moeilik gemaak het om uit te voer. Die Dagbestuur sal dus noulettend wees met die keuring van voorstelle. Afwykings sal egter behoorlik met voorstellers opgeneem word.

Die voorstelle sal in die Knapsak van **Februarie 2020** bekend gemaak word sodat korpse daaroor kan besin en hul afgevaardigdes behoorlik kan bemagtig vir besluitneming.

Luidens die bepalings van die Grondwet moet dit nie later nie as **60 dae** voor die aanvang van die Landsberaad ingedien word, dus **voor 16 Januarie 2020**.

Geen mosies, beskrywingspunte of voorgestelde grondwetwysigings wat ná hierdie sperdatum ingedien word sal ongelukkig in aanmerking geneem word vir oorweging nie. Voorstellers moet eweneens persoonlik by die Landsberaad teenwoordig wees om hul voorleggings te lewer en te motiveer. Anders sal dit eenvoudig verval.

INTERNE TOEKENNINGS

Toekennings aan korpse sal, soos gebruiklik, uitsluitlik geskoei wees op gegewens wat vervat is in korpsverslae volgens die elektroniese formaat wat reeds tevore aan korpse verskaf is.

- Korpse moet **NOU** reeds begin om alle aktiwiteite van die korps sedert **1 Januarie 2018 tot 31 Desember 2019** in die verslagformaat op te neem sodat slegs die afrondingswerk na 31 Desember 2019 gedoen kan word.
- Identifiseer vroegtydig ’n spesifieke lid om in samewerking met die voorsitter/sekretaris hierdie taak uit te voer.
- Bykomstige stawende inligting kan gerus ingebou of saamgestuur word (bv. koerantknipsels).
- Korpsverslae moet voor **31 Januarie 2020** ingedien word sodat die beoordelaar voldoende tyd sal kry om sy taak betyds af te handel.
- Die beoordeling aan die hand van die goedgekeurde kriteria-gewigte word hierdie keer gedoen deur Vise-President, **Danie Odendaal (079 080 7791 danie.genesis@gmail.com** (mailto:danie.genesis@gmail.com) **)**
- **Korpse wat nie korpsverslae indien op die elektroniese formaat nie sal ongelukkig nie in aanmerking kom vir enige toekennings nie! Dit is nodig vir eenvormige beoordeling.**
- **Provinsiale voorsitters kan gerus genader word om behulpsaam te wees en sal ook ondersteuning gee sodat alle korpse hulle verslae sal indien.**

EKSTERNE TOEKENNINGS

Die Rapportryerraad het besluit om ’n spesiale toekenning te maak aan meneer Jackie Grobler, geskiedkundige. Hy en sy gade sal dus ons eregaste wees.

RAPPORTRYER VAN DIE TERMYN

Korpse kry nou die geleentheid om te help dink aan geskikte kandidate vir hierdie toekenning. Die volgende moet in gedagte gehou word:

- Aanbevelings word gerig aan die RRB-dagbestuur en moet behoorlik motiveer word.
- Prestasies in belang van die doelstellings van die RRB moet wyer as die plaaslike omgewing wees – verkieslik met nasionale impak.
- Rapportryerraadslede kom nie vir hierdie toekenning in aanmerking nie.

HERDENKINGSITEMS

Die Rapportryerraad is besig om te besin oor items wat die 70ste bestaansjaar van die RRB sal uitbeeld. Sommige sal dien as uitdeelstukke aan afgevaardigdes/waarnemers en dames en ander sal te koop aangebied word. Daar word gepoog om dit so bekostigbaar as moontlik te maak.

Later meer besonderhede hieroor!

DRAGKODE

Geen formele dragkode word voorgeskryf nie. Dit word aan die goeie oordeel van beraadgangers oorgelaat met inagneming van die waardigheid van die Landsberaad en Gala-aand en respek teenoor dames en gaste.

Ons maak verskoning dat hierdie Knapsak nie vroeër uitgestuur is nie. Daar is darem nog geleentheid vir korpse om by ’n laaste vergadering hulle te posisioneer, vroegtydig te besluit wie hulle gaan verteenwoordig en te besluit oor moontlike mosies, beskrywingspunte en/of grondwetwysigings.

Gee die inligting asseblief ook deur aan die gades! Hulle is gewoonlik die mense wat opgewonde raak en hul wederhelftes aanspoor om die Landsberaad by te woon!

Rapportryergroete!

Danie Eichstädt

Sekretaris

31 Oktober 2019